LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1
E-Pos parklaerskool@gmail.com
Webblad www.parklaerskool.co.za
Prinsipaal D.F. Du Toit

Kaapweg 49
Posbus 96
MOSSELBAAI

5 Augustus 2021

Geagte Ouers/Voogde

Na meer as ‘n jaar en ‘n half het ons op 2 Augustus 2021 vir die eerste keer die geleentheid gehad om al die leerders by die skool te verwelkom en ‘n tradisionele rooster te kan volg. Ons was die afgelope tyd konstant blootgestel aan veranderinge wat groot druk en ontwrigting by ouerhuise veroorsaak het. Bloot die gedagte om weer met ‘n normale roetine te funksioneer, bring groot opgewondenheid. Ons leerders sal egter gewoond moet raak aan hierdie daaglikse roetine en om weer skoolfiks te word. Die mens se aanpasbaarheid verstom my elke keer en bring die beste uit in elke individu.

Die pandemie is egter nog nie verby nie en daarom moet alle veiligheidsprotokolle nog steeds gehoorsaam en gehandhaaf word. Elke Suid-Afrikaner het ‘n verantwoordelikheid om korrek te handel in hul optrede.

Nuwe direktiewe is Saterdag, 30 Julie 2021 in die Staatskoerant, 44911, gepubliseer. Die direktiewe bring die volgende mee:

1. TERUGKEER NA TRADISIONELE ROOSTER: GRADE RR TOT 7

Volle skoolbywoning, dit wil sê die volg van die tradisionele skoolrooster met ingang 2 Augustus 2021, onderhewig aan die nakoming van die minimum gesondheids- en veiligheidsmaatreëls, moet plaasvind. Die sosiale afstand in laerskole word verminder tot 1 meter.

2. SPORT- EN BUITE-KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

Onderhewig aan die voldoening van sosiale afstand, asook higiëniese- en veiligheidsmaatreëls, word skole toegelaat om met die volgende aktiwiteite, **sonder toeskouers,** te begin,:

- Kontak- en nie-kontaksport
- Spreekkompetisies en debatte
- Kooroefeninge en –optredes
- Nasionale-, provinsiale-, distriktoernooie en interskole met die insluiting van reise na sodanige toernooie.

Sportoefeninge sal amptelik op Dinsdag, 10 Augustus in aanvang neem. Die nuutste sportrooster word hierby aangeheg.

3. VAKANSIEDAG

Neem kennis dat eerskomende Maandag, 9 Augustus ‘n vakansiedag is.

4. SENIORFASE RAPPORTE

- **Seniorfase-rapporte** word uitgedeel op Donderdag, 5 Augustus 2021.
- Ouerafsprake sal deur die klasonderwyser met geïdentifiseerde ouers gereël word op Woensdag, 4 Augustus en Donderdag, 5 Augustus 2021.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit